

3 November

Filippense 3:1-21

(Teks: 3:12)

Geloof bring spanning

Jy voel dalk skuldig as jy sien hoe jy in jou geloofslewe moet stry terwyl daar mense is wat voorgee dat dit vir hulle maklik is. Hulle kry die dinge so maklik reg en dit lyk asof hulle alles wat hulle in die geloof aanpak vanself regkry en dat niks vir hulle moeilik en inspannend is nie. Dit laat jou twyfel of jou geloof dan nie ware geloof is nie. Paulus skryf dat daar spanning in die daaglikse geloofstryd is. Vir Paulus staan dit vas - hy is deur Christus gegryp. In Christus staan jy rotsvas en veilig. Dit beteken nie dat daar nie 'n daaglikse stryd is nie. Dat Christus jou gegryp het, is maar die beginpunt van die pad vorentoe om te leef soos een wat in Christus ingelyf is. Daarvan hou die Satan nie. Hy hou nie van mense wat seker is in Christus nie. Daarom sal hy jou aanval op elke moontlike en onmoontlike wyse. Daarom stry jy elke oomblik om hierdie deel wees van Christus in alles te behou. Jy kyk vorentoe en sien dan dat daar 'n lang pad van geloofslewe voor jou uitstrek. Dan byt jy die stang vas en worstel die moeilike hoogtes van die regte pad uit. CHRISTENWEES is geen leuenstoellewe nie. CHRISTENWEES is nie om op-die-plek-rus te staan nie. CHRISTENWEES is om op die marsmaat van die Koninkryk te stry. Jou worstelstryd is nie sonder beloning nie. God sien jou in genade aan en skenk krag deur die Heilige Gees.

Sing Psalm 40:6

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)